# Hoe om hierdie boekie te gebruik

Hierdie boekie is vir jou as graad 9-leerder bedoel. Neem dit huis toe en bespreek wat daarin staan met jou ouers/voogde.

### Die volgende punte is belangrik:

1. Lees die hele boekie deur. Al die inligting is belangrik.
2. Stel vas in watter vakke jy goed vaar in graad 8 en 9. Dit sal jou vakkeuse in graad 10 bepaal.
3. Wat is die graad 10-vakke wat jou skool aanbied? Kontroleer dit met jou onderwysers.
4. Gebruik hierdie boekie om te besluit watter vakke jy in graad 10 moet neem.
5. Gebruik hierdie boekie om met jou ouers oor jou vakkeuses te praat.
6. Om goeie uitslae aan die einde van die jaar te verkry, is dit belangrik dat jy fokus en hard werk, beide by die skool en tuis.
7. Hierdie boekie voorsien jou van raad oor hoe om vir elke vak te leer.
8. Probeer die studiewenke in hierdie boekie en besluit watter studiemetodes jou die beste pas.
9. Laastens, gebruik die beloftevorm in hierdie boekie om jou doelwitte vir elkeen van jou vakke neer te skryf.